

INDELING
- ☑ **Die WÊRELD van Jesus**
- ☐ Die PERSOON van Jesus
- ☐ Die OPTREDE van Jesus
- ☐ Die BEGINSELS van Jesus
- ☐ Die OPROEP van Jesus

#1 Die Fisieke wêreld van Jesus

Wat het Jesus gesien as Hy om Hom gekyk het? In hierdie eerste deel kyk ons na enkele van die Bybelland se fisieke en geografiese kenmerke: die streke, die klimaat en die hoofstad Jerusalem. Dit wat Jesus 2000 gelede om Hom gesien het, is steeds daar – behalwe vir die ontwikkeling! Bestudeer die meegaande kaart en leef jouself daarin:

1.1 Streke

Vir ons doeleindes is die volgende drie streke belangrik, omdat dit was waar Jesus geleef, geloop en geleer het – vind hulle op die meegaande kaart, en probeer die dorpe en stede daarin herken:

■ GALILEA

Galilea was Jesus se wêreld. Galilea is mooi, groen en vrugbaar, vol heuwels en valleie. Die omgewing was vol woude en reeds twee duisend jaar gelede is elke stukkie beskikbare grond verbou. Daarom gebruik Jesus baie voorbeelde uit die landbou in sy lering. Galilea is oop na alle kante toe. Groot handelsroetes het daardeur geloop en in Jesus se tyd was daar dus dikwels vreemdes: handelaars uit verre lande, Romeinse soldate en regeringslui, Fenisiërs en ander volke van net oor die grense. Dit was meer kosmopolitaans as die ander streke, meer "wêrelds" volgens konserwatiewe Jode. 'n Kenmerk van Galilea was sy meer, die *See van Galilea* (of *See van Tiberias* of *See van Gennesaret*). Op hierdie groot meer (21 by 12 km) het Jesus dikwels gevaar en vis gevang. Die hoofstad van Galilea in Jesus se tyd was Sepforis, omtrent 6 km noord van Nasaret – die piepklein dorpie waar Jesus groot-geword het – dus het Jesus dikwels daar gekom. Jesus het al die dorpe van Galilea goed geken en later by die See van Galilea gaan woon.

Palestina van die Nuwe Testament

uit: DIE BYBEL (1953) 15de druk (1978)

■ SAMARIA

Toe die Jode weggevoer was na Assirië, 700 jaar voor Jesus se geboorte, het heelwat natuurlik agtergebly. Hulle het ondertrou met die wat daarheen gestuur is deur die Assiriërs en 'n nuwe volk het ontstaan – die Samaritane. Omdat hulle afkoms en Joodse geloof nie meer so "suiwer" soos die "regte Jode" s'n was nie, het die Jode hulle as minderwaardig geag en vermy. Die Samaritane het in Samaria gebly. Jode wat na Jerusalem wou gaan uit die noorde moes egter noodwendig deur Samaria

© 2011 ● Alle regte voorbehou – geen duplisering of verspreiding toegelaat ● www.jimileroux.com

gaan. So het Jesus ook dikwels deur Samaria getrek en ook daar bedien, alhoewel sy bediening veral in Galilea en Judea – m.a.w. onder die Jode – gefokus was. Samaria is meer heuwelagtig as Galilea, alhoewel steeds baie vrugbaar. In die noorde, tussen Galilea en Samaria, is die *Vlakte van Meggido*, 'n breë oop vallei waarin reeds baie veldslae plaasgevind het, en waarvan voorspel word dat die laaste groot oorlog (Har-Maggedon) ook daar sal plaasvind.

■ JUDEA

Judea was die geestelike hartland van Israel, want Jerusalem – die heilige stad – was daar, en in Jerusalem die tempel. Judea was relatief afgeslote: in die suide en ooste was die barre woestyn, en in die weste is dit heuwelagtig. Die hele Judea is trouens droog, heuwelagtig en minder vrugbaar. Die reënseisoen is kort en dan begin die warm woestynwinde weer die hitte opstoot. Hierdie isolasie, en die teenwoordigheid van die tempel het daartoe gelei dat die Judaïsme in sy suiwerste vorm hier beoefen is. Die Judeërs was die "geestelikste" van die Jode (en het daaroor op die ander neergesien!) 'n Kenmerk van Judea is die Dooie See aan sy oostekant – 80 by 17 km se lewelose soutwater, wat al hoe souter word as gevolg van die geweldige verdamping in die versengende woestynhitte.

Jesus het ook oor die grense gegaan: na Sidon en Tirus, en ook oor die Jordaan na Perea en die gebied van die Dekapolis. In die bg. gebiede het hy egter grootliks gewoon, gewerk en gepreek.

1.2 Klimaat

Israel se weer is oor die algemeen warm, met somertemperature (Jun tot Aug) tussen 25°C en 35°C, tot op 40°C of hoër! In die winter (Des tot Feb) reën dit, en is dit koel tot koud (5°C - 18°C), maar selde onder vriespunt. Gedurende die lente (Mrt tot Mei) en die herfs (Sep tot Nov) is dit matiger met dagtemperature tussen 18°C en 24°C. Jerusalem, wat hoogliggend is, is omtrent 3°C koeler as die res van die land, en die hitte en koue van die Judese woestyn is natuurlik fel. Jesus het in 'n relatiewe warm land gewoon, maar sneeu op die berge en selfs op die grond by tye was nie vir Hom ongewoon nie – Hy het dus ook 'n warm jas gehad!

1.3 Jerusalem



Jerusalem was in Jesus se tyd op 'n hoogtepunt. Minstens 80 000 mense het Jerusalem voltyds bewoon en oor feeste (waartoe alle Joodse mans opgeroep was), het die inwonertal gegroei tot dubbel dit. Jerusalem was 'n ryk stad, nuut uitgelê met breë strate en ruim markte. In die welaf woongebiede het priesterlike families gewoon, Romeinse regeringslui, ryk handelaars, Joodse leiers – 'n bonte verskeidenheid. Die strate was vol kleur en geur en woeligheid: soldate op perde, rabbi's, beeste en skape vir die offers, handelaars en verkopers, kinders wat speel, amptenare, geldwisselaars (tempelbelasting mag net met die tempelmunt betaal word), bedelaars, pelgrims, bouers, vroue wat inkopies doen, slawe wat water gaan haal… Herodes die Grote (40vC-4nC) het indrukwekkende geboue laat oprig, waaronder die tempel. Die tempel is gebou op 'n reuse platform (amper 'n tiende die grootte van die hele stad!), wat die Jode die "tempelberg" genoem het. Die platform het die bestaande heuwel (waar Abraham volgens oorlewering vir Isak moes offer) heeltemal toegebou – net die spits steek nog daarvan uit in die moskee (uit die 6de eeu) wat vandag op die tempelberg staan. Die tempelberg (direk teenoor die Olyfberg) het sy eie aparte poorte gehad en sy mure (waarvan die Klaagmuur vandag deel

© 2011 ● Alle regte voorbehou – geen duplisering of verspreiding toegelaat ● www.jimileroux.com

is) was van enorme klippe gebou – tot 200 ton een! Elke besoeker aan Jerusalem, ook Jesus as kind, moes oorweldig wees deur die grootte: "kyk watter geweldige klippe en watter geweldige geboue" (Mark 13:1)! Daarbo-op was die tempelkompleks soos 'n stad op sigself. Duisende priesters, Leviete, poortwagte, handelaars en geldwisselaars het daar gewerk en nog duisende het sy suilegange, portale en aanliggende geboue (store, winkels, behuising, ens.) kom besoek om te aanbid en te offer. Aangesien elke Jood jaarliks tempelbelasting moes betaal (en in Jesus se tyd was daar 5 miljoen Jode) was die tempel se inkomste aansienlik. So was die tempel ook die groot dryfveer van die stad se ekonomie. Op die tempelterrein was 'n godsdiens-industrie van reuse afmetings aan die gang: gelowiges met hul offerdiere het in duisende deur die terrein beweeg, hul korrekte geld gekry, hul diere korrek laat slag (en duisende diere se bloed is in slote weggelei), en daarvandaan na die massiewe altaar, waarop baie vure gebrand het en rook en die reuk van gebrande vleis dik in die lug moes hang. Iets in hierdie massiewe operasie het vir Jesus laat sê dat die hele doel gemis word (Mat 21:12-13). Nogtans was Jesus hartstogtelik lief vir die stad, en ja vir die tempel, want ook Hy het die Vader daar – in die heiligdom – kom opsoek.

Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie! Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat. Mat 23:37-38

BEDIENINGSVOORSTEL

1. Laat iemand wat in Israel was vir julle selgroep kom fotos wys op 'n dataprojektor. Vra spesifiek dat so min as moontlik toerlede, kerke en monumente ingesluit word en so veel as moontlik natuurtonele. Vra spesifiek vrae oor Galilea (en sy see), Samaria, Judea, die woestyn van Judea en Jerusalem.

2. Die volgende webruimte gee ekstra inligting oor die geografie van (antieke) Israel:

http://en.wikipedia.org/wiki/Geography_of_Israel

© 2011 ● Alle regte voorbehou – geen duplisering of verspreiding toegelaat ● www.jimileroux.com